

Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 6

> *Maar die Here het die inwoners van Bet-Semes getref omdat hulle die ark bekyk het. (vers 19)*

Die omswerwinge van die ark kry aan die einde nóg ’n kinkel toe 70 inwoners van Bet-Semes sterf omdat hulle oneerbiedig

met die ark omgegaan het. Bet-Semes was ’n Levitiese stad (Jos 21:16), en as Leviete behoort hulle tog te geweet het hoe om die ark as heilige voorwerp te hanteer. Moses het immers uitdruklike voorskrifte daaroor gegee (Eks 25:10-15; Num 4:15).
Sou hulle dalk te gewoond geraak het aan die heilige voorwerpe van die tent van ontmoeting? En daarom hulle ontsag vir die heilige voorwerpe verloor het? Ons sal nooit weet nie, maar hierdie hartverskeurende voorval behoort ons minstens sensitief te maak oor God en sy heiligheid. Mense praat so maklik van “die Man daarbo” en “my Jesus” asof hulle en die heilige God beste pêlle is. Mense praat oor die kerk asof dit húlle instelling is waarmee hulle kan maak soos hulle wil. Mense misbruik die Bybel om hulle eie (onheilige) standpunte te staaf.
Nee. Spreuke 9:10 (2020-vertaling) sê: “Die begin van wysheid is ontsag vir die Here, en kennis van die Heilige is insig.”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026